Dankoffersondag met Nagmaal 4 November

Ek begin diens met afkondigings, votum, seëngroet

Votum: *Ons het ondervind dat die Here goed is.*

Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is.

Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is . Amen

Seëngroet

1. Begeleidingsgroep Loflied: Onvergelykbare God

2. Doop

3. Gemeentesang met band: toewydingslied - U is my God en Ek het U lief o Heer.

4. Skriflesing: Romeine 1:18-32

18 God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk.
19 Wat 'n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring.
20 Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie,
21 omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies

bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister.
22 Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas.

---

28 En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is.
29 Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en
30 praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers;
31 hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig.
32 Hulle is mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen.

PREDIKING: Die boodskap gaan vandag oor v21. Dit gaan daaroor dat mense wat God ken, maar nie dankbaarheid teenoor Hom bewys nie, **dwaas is en dat hulle gedagtes nutteloos is**. Dankbaarheid is waaroor dit vandag vir ons gaan. Paulus noem ‘n paar foute wat mense maak wat ver van God af is, mense wie se denke tot niks lei nie. Een van die groot foute is dat hulle

alles wat hulle het, maar net as **vanselfsprekend**, of nog erger, **as die vrug van hulle eie vermoëns** sien.
Dis mense wat **nie aan God die eer gee nie**, mense wat **nie dankbaar** teenoor God is vir die seëninge wat Hy gee nie.
Charles Spurgeon was een van die groot predikers van die 19de eeu. Hy het oor hierdie gedeelte gepreek en gesê:
"*Mens kan nie veel slegter dinge van 'n mens sê as dat hy nie dankbaarheid teenoor iemand bewys wat aan hom goed doen nie; maar om van iemand te sê dat hy nie teenoor God dankbaar is nie, is seker die slegste ding wat mens van iemand kan sê.*"
Hy het verder gegaan en gesê: *"Wow! Kyk net na julle! Dit lyk of party van julle nog nooit in julle lewe 'n enkele ete gemis het nie!"* Daarna het hy verder gegaan deur die gemeente op al hulle **seëninge en ondankbaarheid daaroor** te wys. Ek gaan nie vanoggend dieselfde doen nie, ek gaan eerder vir elkeen self die geleentheid gee om **selfondersoek** te doen.
Kom ons doen ook selfondersoek vanoggend: Hoe kan ons weet of ons dalk nie die **regte gesindheid en dankbaarheid** in ons harte het nie? Die Bybel leer vir ons dat dit **BAIE gevaarlik** is om jou tiende met die verkeerde gesindheid te gee. Die Here kan mens se **tiende verwerp** indien dit met die verkeerde gesindheid gegee word. Ons sien selfs in die NT dat God mense met die dood gestraf het toe hulle nie aan God sy volle deel gegee het nie, maar dit teruggehou het! As jou gesindheid nie reg is nie, gaan jy **óf te min gee, óf jy gaan baie gee**, maar die Here sien jou hart wat die **verkeerde**

motiewe het wanneer jy gee. Daar is twee dinge wat vir ons wys of ons harte **oor die algemeen nie reg ingestel** is nie:
1. Ons is nie **dankbaar vir al die goeie dinge** wat ons elke dag ervaar nie. Nie dankbaar vir ‘n goeie nagrus nie, nie dankbaar vir vars lug in die oggend nie, nie dankbaar vir gesondheid nie;
2. of ons kla alewig dat **dit wat jy het, nie goed genoeg is nie**. Altyd ontevrede. Ons wil altyd iets beter hê, nog meer hê. Ons het elkeen soveel om God voor dankbaar te wees! As mens om **enige ander rede as dankbaarheid** vir God geld of ‘n offer wil gee, is dit baie **gevaarlik** en waarskynlik **verkeerd**. Om vir God te gee, moet mens se hart reg wees. Jou tiende, jou offergawe, moet deel van jou **DANKBAARHEID** en **AANBIDDING/DIEN** van God wees.
1. Met my tiende sê ek dat ek erken dat God groter as ek is, **dat Hy GOD en HERE is**; dat ek erken dat God **die Voorsiener** van alles is waarvoor ek werk, wat ek waardevol ag en liefhet. Dit is DEUR GOD se **GENADE** dat ek die goeie kan geniet.
2. Ons gee ons ook uitdrukking aan ons **VERBINTENIS** en **GETROUHEID** aan God deur ons tiendes. Genesis 28:10-22: God openbaar homself aan Jakob in ‘n droom. Jakob se reaksie is: *“God sal my God wees … en van alles wat U my gee, sal ek ‘n tiende vir U gee .”* Dit was Jakob se manier om aan die een kant daarmee te bely dat God die ware God is, en verder om daarmee sy verbintenis aan God te maak. Daarmee wys hy sy **voorneme om God te volg, te gehoorsaam en lief te hê**.

Vir Jakob was sy tiende totaal en al deel van sy aanbidding van God.
Mag ons almal se **geestelike volwassenheid** só wees dat ons **uit dankbaarheid**, as **deel van ons aanbidding/dien** van God, ons tiendes met **vreugde, dankbaarheid en toewyding** aan die Here gee. Amen.

5. koor (kantorei): gemeentesang – oorgang na Sakrament (*Was jy daar?* klem op kruis)

6. Nagmaal – uitdeling en gebruik

7. Dankoffer: bring koeverte na vore, ry vir ry, saam met kelkies, terwyl begeleidingsgroep dankliedere speel/sing

8. (kantorei vir afsluitingslied) – gemeentesang (*Jubilate*!!)

9. Seën

10. amen (kantorei)